JUDAS DIE BUFFEL?

Julian Müller

Op National Geographic wys hulle nou die dag 'n interessante program oor buffels en leeus in die Botswana-delta. Die twee troppe is deur die omgewing in 'n relatief klein area saamgevoeg en albei probeer daar oorleef. Die leeus is in staat om die buffels se bewegings presies te antisipeer en die buffels het geleer om eenvoudig 'n eenheidsfront te vorm en met 'n muur van skerp horings die leeus af te weer. So raak albei groepe al hoe slimmer en raak die stryd om oorlewing al hoe ingewikkelder. Die leeus vind dit al hoe moeiliker om selfs 'n buffelkalf te vang. Pogings om 'n volwasse buffel te vang word keer op keer deur die trop gefnuik. Soos wat die program vorder kry mens naderhand die arme leeus jammer. Dit is asof hulle net nie opgewasse is teen die muur van weerstand van die buffeltrop nie. Skynbaar is daar in daardie omgewing ook nie juis ander prooi vir die leeus nie en hulle word maar weer en weer geforseer om hulle aandag op die buffels te vestig.

Op 'n dag kry die leeutrop dit reg om 'n ou buffel-bul te isoleer en omtrent 4 leeus kry dit reg om hom plat te trek. Weer en weer word hulle afgeweer deur die aanstormende buffels wat die ou bul verdedig. Maar die honger leeus laat hulle ook nie meer afskrik nie. Hulle byt en hap van alle kante. Naderhand is die ou bul sleg gewond en probeer sukkel sukkel oorent kom tussen die aanvalle deur. Dan gebeur iets verbysterend. Een van die dominante buffelbulle storm op die gewonde makker af en val hom aan. Met 'n paar hale van die skerp horings word die ou bul finaal en dodelik getref. Dan word hy agtergelaat vir die leeus. Dit lyk na 'n soort primitiewe offer.

Terwyl ek daarna gekyk het, kon ek nie anders as om te wonder oor die boosheid en/of die wysheid van die verraaier nie. Wat was die buffel se motief om sy makker so op te offer? Was dit omdat hy, meer as die ander, 'n bose streep gehad het, of was dit omdat hy op een of ander manier aangevoel het wat die sisteem nodig het om te oorleef?

Die Judas Evangelie aan die een kant en die Evangelies aan die ander kant bied presies dié twee perspektiewe op Judas. Volgens die Evangelies is hy die bose skurk, terwyl die Judas Evangelie vir ons 'n meer simpatieke perspektief gee. Daarvolgens word Judas uitgebeeld as die persoon wat bestem was om juis dit te doen wat op daardie stadium nodig was.

Sonder om my te diep te begeef op die kwessies rondom die Evangelie van Judas, wonder ek net in die algemeen oor mense se behoefte om 'n skuldige aan te wys en selfs op te offer. Een vir Asasel (Lev itikus 16:8ev). Is dit die rede waarom die gemiddelde persoon skynbaar meer gemaklik daarmee is as Judas die skurk bly en as skuldige gebrandmerk word.

Die Satan of Duiwel, wat die klassieke gepersonifieerde gestalte van die bose is, is natuurlik die groot skuldige. As geen verklaring meer werk nie, word die vinger na hom gewys. Maar dit is nie genoeg nie. Mense het ook ander skuldiges nodig. As dinge dramaties verkeerd loop, moet dit wees omdat iemand iewers toegelaat het dat die bose die oorhand kry.

Die lewe is vol voorbeelde daarvan. Wanneer daar 'n egskeiding plaasvind, moet een van die partye gebrandmerk word as die skuldige. Wanneer 'n kind 'n probleem ervaar, het een of albei ouers iewers iets verkeerds gedoen en daarom is hulle die skuldiges. As die gemeente sukkel, is dit die dominee of kerkraad se skuld. So kan mens aangaan.

Natuurlik is dit soms nodig om 'n skuldige uit te wys en ook te laat boet. Dit kan deel van 'n proses van genesing wees. Daar kan immers nie vergewing plaasvind sonder skulderkenning nie. Maar aan die ander kant, is ons miskien nie gevoelig genoeg vir korporatiewe of gemeenskaplike skuld nie. Ons is meestal onwillig om medeverantwoordelikheid vir 'n situasie te aanvaar. Die maklikste uitweg is om één die skuldige te maak terwyl die res wegstap sonder enige blaam. Dit is waarskynlik waarom ons dit nog steeds so moeilik vind om korporatiewe medeverantwoordelikheid te neem vir die apartheidsbeleid. Dit is makliker om één, soos Verwoerd, al die skuld daarvoor te gee. Of die Broederbond kry die skuld, of die politieke leiers in die algemeen, maar op een of ander manier kry ons dit reg om onsself gedurig in die onskuldige posisie in te rasionaliseer. En daarom bekeer ons ons ook nooit heeltemal van die diskriminasie en rassisme wat deel van daardie stelsel was nie. Ons was mos nie daarvoor verantwoordelik nie. Intussen sit ons dit in vele opsigte voort. In sommige opsigte is dit moeiliker om korporatiewe skuld te aanvaar as individuele skuld. Wat op politieke gebied geld, geld ook op baie ander terreine van die lewe. In ons eie huise en by ons werkplekke vind ons ook gewoonlik iemand om te blameer vir dinge wat verkeerd loop.

Eerder as om gedurig agter die "buffels" weg te kruip en onsself as onskuldig te sien sal ons gevoelig moet raak vir

medeverantwoordelikheid. Ons sal moet leer dat die sisteme waaraan ons almal deelneem, dit soms nodig maak vir 'n enkeling om tot uiterstes te gaan en sodoende die vanselfsprekende sondebok te word. Die vraag is of ons die maklike uitweg kies en vingers wys na die sondebok en of ons gewillig is om te aanvaar dat ons eie skuld, al is dit nie altyd so sigbaar nie, 'n ewe groot werklikheid is en deel is van die groter prentjie?